- III) Grootpad 50 Seksie 3, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R56, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van pad mag hê, beginnende vanaf die aansluiting met Grootpad 50 Seksie 2, in die dorp Molteno, daarvandaan met die bestaande Grootpad 50 Seksie 2, in 'n algemene oostelike rigting tot waar dit aansluit by Grootpad 19 Seksie 1, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R56, by die Nasionale Pad N6 seksie 4 soos verklaar deur Goewermentskennisgewing no. 184 van 2009;
- IV) Grootpad 19 Seksie 1, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R56, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van pad mag hê, beginnende vanaf waar dit aansluit by Grootpad 50 Seksie 3, by die aansluiting met Nasionale Pad N6 Seksie 4 soos verklaar deur Goewermentskennisgewing no. 184 van 2009, daarvandaan met die bestaande Grootpad 19 Seksie 1, in 'n algemene oostelike

rigting tot waar dit aansluit by Grootpad 19 Seksie 2, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R56, in die dorp Dordrecht;

- V) Grootpad 19 Seksie 2, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R56, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van pad mag hê, beginnende vanaf waar dit aansluit by Grootpad 19 Seksie 1, in die dorp Dordrecht, daarvandaan met die bestaande Grootpad 19 Seksie 2, ook bekend as Roete R56, in 'n algemene oostelike rigting tot waar dit aansluit by Grootpad 19 Seksie 3, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R56, by die dorp Indwe;
- VI) Grootpad 19 Seksie 3, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R56, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van pad mag hê, beginnende vanaf waar dit aansluit by Grootpad 19 Seksie 2, by die dorp Indwe, daarvandaan met die bestaande Grootpad 19 Seksie 3 in 'n algemene oostelike rigting tot waar dit aansluit by Grootpad 19 seksie 4, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R56, by die dorp Elliot;
- VII) Grootpad 19 Seksie 4, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R56, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van pad mag hê, beginnende vanaf waar dit aansluit by Grootpad 19 Seksie 3, by die dorp Elliot, daarvandaan met die bestaande Grootpad 19 Seksie 4 in 'n algemene noord oostelike rigting tot waar dit aansluit by Grootpad 19 seksie 5, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R56, by die dorp Maclear; en
- VIII) Grootpad 19 Seksie 5, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R56, soos verklaar deur alle Adminstrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van pad mag hê, beginnende vanaf waar dit aansluit by Grootpad 19 Seksie 4, by die dorp Maclear , daarvandaan met die bestaande Grootpad 19 Seksie 5 in 'n algemene noord oostelike rigting deur die dorpe Mount Fletcher, Matatiele, en dan in 'n oostelike rigting deur die dorp Cedarville, tot by die aansluiting met die Oos- Kaap/Kwazulu-Natal Provinsiale Grens tussen die dorpe Cedarville en Kokstad, waar dit eindig.

As Nasionale Pad.

(Nasionale Pad R56: Vanaf die N9 by Middelburg tot die Oos Kaap/Kwazulu-Natal Provinsiale Grens, in die Provinsie van die Oos-Kaap, 'n afstand van ongeveer 546km)

- B. VERKLARING VAN BESTAANDE PROVINSIALE PAAIE – I) 'N GEDEELTE VAN GROOTPAD 52 SEKSIE 1, II) GROOTPAD 52 SEKSIE 2, III) 'N GEDEELTE VAN GROOTPAD 51 SEKSIE 2, IV) 'N GEDEELTE VAN GROOTPAD 53 SEKSIE 1, V) GROOTPAD 53 SEKSIE 2 EN VI) GROOTPAD 53 SEKSIE 3 AS NASIONALE PAD R58 – DISTRIKTE VAN VENTERSTAD, ALBERT, ALIWAL NORTH, LADY GREY, BARKLEY OOS EN ELLIOT, IN DIE PROVINSIE VAN DIE OOS-KAAP.**

Kragtens Artikel 40(1)(a) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, 1998 (Wet no.7 van 1998), verklaar ek hiermee:

- I) 'n Gedeelte van Grootpad 52 Seksie 1, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R58, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van pad mag hê, beginnende vanaf die aansluiting met die Oos/Noord-Kaap Provinsiale Grens naby Norvalspont, daarvandaan met die bestaande Grootpad 52 Seksie 1 in 'n algemene suid oostelike rigting tot waar dit aansluit by Grootpad 52 Seksie 2, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R58, in die dorp Venterstad;

- II) Grootpad 52 Seksie 2, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R58, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van pad mag hê, beginnende weer vanaf die aansluiting met Grootpad 52 Seksie 1 in die dorp Venterstad, daarvandaan met die bestaande Grootpad 52 Seksie 2, in 'n algemene oostelike rigting tot waar dit aansluit by Grootpad 51 Seksie 2, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R58, in die dorp Burgersdorp;
- III) 'n Gedeelte van Grootpad 51 Seksie 2, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R58, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van pad mag hê, beginnende vanaf die aansluiting met Grootpad 52 Seksie 2, in die dorp Burgersdorp daarvandaan met die bestaande Provinsiale Grootpad 51 Seksie 2, in 'n algemene noord oostelike rigting tot waar dit aansluit in die dorp Aliwal Noord, by Nasionale Pad N6 Seksie 5, soos verklaar deur Goewermentskennisgewing no. 2136 van 1992;
- IV) 'n Gedeelte van Grootpad 53 Seksie 1, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R58, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van pad mag hê, beginnende vanaf die aansluiting met Nasionale Pad N6 Seksie 5, soos verklaar deur Goewermentskennisgewing no. 2136 van 1992, in die dorp Aliwal Noord, daarvandaan met die bestaande Grootpad 53 Seksie 1, in 'n algemene oostelike rigting tot by die aansluiting met Hoofpad no. 839, by die dorp Lady Grey, waar dit aansluit by Grootpad 53 Seksie 2, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R58 ;
- V) Grootpad 53 Seksie 2, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R58, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van pad mag hê, beginnende vanaf die aansluiting met Hoofpad no. 839, by die dorp Lady Grey waar dit aansluit by Grootpad 53 Seksie 1, daarvandaan met die bestaande Grootpad 53 Seksie 2 ook bekend as Roete R58 in 'n algemene suid oostelike rigting tot waar dit aansluit by Grootpad R53 Seksie 3, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R58, by die dorp Barkley Oos; en
- VI) Grootpad 53 Seksie 3, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R58, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van pad mag hê, beginnende vanaf waar dit aansluit met Grootpad 53 Seksie 2, by die dorp Barkley Oos, daarvandaan met die bestaande Grootpad 53 Seksie 3, ook bekend as Roete R58, in 'n algemene suidelike rigting tot waar dit aansluit by Roete R56, by die dorp Elliot, waar dit eindig.

As Nasionale Pad.

**(Nasionale Pad R58: Vanaf die Oos/Noord-Kaap Provinsiale Grens naby Norvalspont tot die R56 by Elliot, in die Provinsie van die Oos-Kaap, 'n afstand van ongeveer 332km)**

**C. VERKLARING VAN BESTAANDE PROVINSIALE PAAIE - I) 'N GEDEELTE VAN GROOTPAD 44 SEKSIE 1, II) GROOTPAD 44 SEKSIE 2 EN III) 'N GEDEELTE VAN GROOTPAD 44 SEKSIE 3 AS NASIONALE PAD R62 - DISTRIKTE VAN HUMANSDORP EN JOUBERTINA, IN DIE PROVINSIE VAN DIE OOS-KAAP.**

Kragtens Artikel 40(1)(a) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, 1998 (Wet no.7 van 1998), verklaar ek hiermee:

- I) 'n Gedeelte van Grootpad 44 seksie 1, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R62, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie

gedeelte van pad mag hê, beginnende vanaf die Oos/Wes-Kaap Provinsiale Grens naby die dorp Haarlem , daarvandaan met die bestaande Grootpad 44 Seksie 1 in 'n algemene oostelike rigting tot by die aansluiting met Distrikspad no. 1819X, in die dorp Joubertina, waar dit aansluit by Grootpad 44 Seksie 2, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R62;

- II) Grootpad 44 Seksie 2, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R62, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van pad mag hê, beginnende vanaf die aansluiting met Distrikspad no. 1819X, in die dorp Joubertina daarvandaan met die bestaande Grootpad 44 Seksie 2 in 'n algemene oostelike rigting deur die dorp Joubertina, tot by die aansluiting met Hoofpad no. 396, in die dorp Kareedouw, waar dit aansluit by Grootpad 44 Seksie 3, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R62; en
- III) 'n Gedeelte van Grootpad 44 Seksie 3, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R62, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van pad mag hê, beginnende vanaf die aansluiting met Hoofpad no. 396, in die dorp Kareedouw, daarvandaan met die bestaande Grootpad 44 Seksie 3 in 'n algemene oostelike rigting deur die dorp Kareedouw, tot by die aansluiting by die Trifolia Wisselaar, met Nasionale Pad N2 Seksie 10, soos verklaar deur Goewermentskennisgewing no. 236 van 1972, waar dit eindig.

As Nasionale Pad.

**[Nasionale Pad R62 vanaf Oos/Wes-Kaap Provinsiale Grens naby die dorp Haarlem tot die N2 (Trifolia Wisselaar), in die Provinsie van die Oos-Kaap, 'n afstand van ongeveer 117km]**

**D. VERKLARING VAN BESTAANDE PROVINSIALE PAAIE – I) 'N GEDEELTE VAN GROOTPAD 16 SEKSIE 10, II) 'N GEDEELTE VAN GROOTPAD 42 SEKSIE 3, III) GROOTPAD 41 SEKSIE 1, IV) GROOTPAD 41 SEKSIE 2 EN V) GROOTPAD 41 SEKSIE 3 AS NASIONALE PAD R63 WES – DISTRIKTE VAN GRAAFF-REINET, PEARSTON EN SOMERSET OOS, IN DIE PROVINSIE VAN DIE OOS-KAAP.**

Kragtens Artikel 40(1)(a) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, 1998 (Wet no.7 van 1998), verklaar ek hiermee:

- I) 'n Gedeelte van Grootpad 16 Seksie 10, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R63 Wes, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van pad mag hê, beginnende vanaf die aansluiting met die Oos/Wes Kaap Provinsiale Grens tussen die dorpe Murraysburg en Graaff-Reinet, daarvandaan met die bestaande Grootpad 16 Seksie 10 in 'n algemene suid oostelike rigting tot by die aansluiting in die dorp Graaff-Reinet met Nasionale Pad N9 Seksie 5, soos verklaar deur Goewermentskennisgewing no. 544 van 2003;
- II) 'n Gedeelte van Grootpad 42 Seksie 3, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R63 Wes, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van pad mag hê, beginnende vanaf die aansluiting met Nasionale Pad N9 Seksie 5, by Graaff-Reinet, soos verklaar deur Goewermentskennisgewing no. 544 van 2003, daarvandaan met die bestaande Grootpad 42 Seksie 3 in 'n algemene suidelike rigting tot by die aansluiting met Grootpad 41 Seksie 1, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R63 Wes, in die rigting van die dorp Pearston;
- III) Grootpad 41 Seksie 1, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R63 Wes, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van pad

mag hê, beginnende vanaf die aansluiting met Grootpad 42 Seksie 3, daarvandaan met die bestaande Grootpad 41 Seksie 1, in 'n algemene oostelike rigting tot waar dit aansluit by Grootpad R41 Seksie 2, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R63 Wes, by die dorp Pearston;

- IV) Grootpad 41 Seksie 2, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R63 Wes, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van pad mag hê, beginnende vanaf die aansluiting met Grootpad 41 Seksie 1, by die dorp Pearston, daarvandaan met die bestaande Grootpad 41 Seksie 2 in 'n algemene oostelike rigting tot waar dit aansluit by Grootpad R41 Seksie 3, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R63 Wes, naby die dorp Somerset Oos; en
- V) Grootpad 41 Seksie 3, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R63 Wes, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van pad mag hê, beginnende vanaf die aansluiting met Grootpad 42 Seksie 2, naby die dorp Somerset Oos, daarvandaan met die bestaande Grootpad 41 Seksie 3, in 'n algemene oostelike rigting deur die dorp Somerset Oos, tot waar dit aansluit by Cookhouse by Nasionale Pad N10 Seksie 2, soos verklaar deur Goewermentskennisgewing no. 728 van 2006, waar dit eindig.

As Nasionale Pad.

**[Nasionale Pad R63 Wes: Oos/Wes-Kaap Provinsiale Grens tot die N10 (Cookhouse), in die Provinsie van die Oos-Kaap, 'n afstand van ongeveer 196km]**

**E. VERKLARING VAN BESTAANDE PROVINSIALE PAAIE – I) GROOTPAD 57 SEKSIE 1, II) GROOTPAD 57 SEKSIE 2, III) GROOTPAD 57 SEKSIE 3, IV) GROOTPAD 56 SEKSIE 1 EN V) GROOTPAD 56 SEKSIE 2 AS NASIONALE PAD R63 OOS – DISTRIKTE VAN BEDFORD, ADELAIDE, FORT BEAUFORT, VICTORIA EAST, MIDDELDRIFT, ZWELITSHA, KING WILLIAM'S TOWN EN KOMGA, IN DIE PROVINSIE VAN DIE OOS-KAAP.**

Kragtens Artikel 40(1)(a) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, 1998 (Wet no.7 van 1998), verklaar ek hiermee:

- I) Grootpad 57 Seksie 1, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R63 Oos, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van pad mag hê, beginnende vanaf die aansluiting met Nasionale Pad N10 Seksie 3 naby Eastpoort, soos verklaar deur Goewermentskennisgewing no. 727 van 2006, daarvandaan met die bestaande Grootpad 57 Seksie 1, in 'n algemene oostelike rigting deur die dorp van Bedford tot waar dit aansluit by Grootpad 57 Seksie 2, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R63 Oos, by die dorp Adelaide.
- II) Grootpad 57 Seksie 2, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R63 Oos, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van pad mag hê, beginnende weer vanaf die aansluiting met Grootpad 57 seksie 1 by die dorp Adelaide, daarvandaan met die bestaande Grootpad 57 Seksie 2, in 'n algemene oostelike rigting deur die dorp Fort Beaufort tot waar dit aansluit by Grootpad 57 Seksie 3, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R63 Oos, by die dorp Alice.
- III) Grootpad 57 Seksie 3, ook bekend as Roete R63 Oos, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van pad mag hê,

beginnende vanaf die aansluiting met Grootpad 57 Seksie 2, by die dorp Alice daarvandaan met die bestaande Grootpad 57 Seksie 3, in 'n algemene oostelike rigting tot waar dit aansluit by Nasionale Pad N2 seksie 15 soos verklaar deur Goewermentskennisgewing no. 172 van 2009, by King William's Town.

- IV) Grootpad 56 Seksie 1, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R63 Oos, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van pad mag hê, beginnende vanaf die aansluiting met Nasionale Pad N2 Seksie 15, soos verklaar deur Goewermentskennisgewing no. 172 van 2009 in die dorp King William's Town, daarvandaan met die bestaande Grootpad 56 Seksie 1, in 'n algemene noord oostelike rigting tot by die aansluiting met Distrikspad no. 2760 by Kei Road; en
- V) Grootpad 56 Seksie 2, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R63 Oos, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van pad mag hê, beginnende vanaf die aansluiting met Distrikspad no. 2760 by Kei Road, daarvandaan met die bestaande Grootpad 56 Seksie 2, in 'n algemene noord oostelike rigting deur die dorp Komga tot waar dit aansluit by Nasionale Pad N2 Seksie 16, soos verklaar deur Goewermentskennisgewing no.236 van 1972, waar dit eindig.

As Nasionale Pad

**(Nasionale Pad R63 Oos: Vanaf die N10 naby Cookhouse tot N2 naby Komga, in die Provinsie van die Oos-Kaap, 'n afstand van ongeveer 232km)**

**F. VERKLARING VAN BESTAANDE PROVINSIALE PAAIE – I) GROOTPAD 47 SEKSIE 1, II) GROOTPAD 48 SEKSIE 1, III) GROOTPAD 48 SEKSIE 2 EN GROOTPAD 48 SEKSIE 3 AS NASIONALE PAD R67 – DISTRIKTE VAN ALBANY, FORT BEAUFORT, VICTORIA WEST, MPOFU, CATHCART, HEWU EN QUEENSTOWN, IN DIE PROVINSIE VAN DIE OOS-KAAP.**

Kragtens Artikel 40(1)(a) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, 1998 (Wet no.7 van 1998), verklaar ek hiermee:

- I) Grootpad 47 seksie 1, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R67, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van pad mag hê, beginnende vanaf die aansluiting by die dorp Grahamstad met Nasionale Pad N2 Seksie 13X, soos verklaar deur Goewermentskennisgewing no. 212 van 1985, daarvandaan met die bestaande Grootpad 47 Seksie 1 in 'n algemene noordelike rigting tot by die aansluiting met Grootpad 48 Section 1, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R67, by die dorp Fort Beaufort;
- II) Grootpad 48 Seksie 1, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R67, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van pad mag hê, beginnende vanaf die aansluiting met Grootpad 47 Seksie 1, ook bekend as Roete R67, by die dorp Fort Beaufort, daarvandaan met die bestaande Grootpad 48 Seksie 1 in 'n algemene noordelike rigting tot by die aansluiting met Grootpad no. 679, waar dit aansluit by Grootpad 48 Seksie 2, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R67, by die dorp Seymour;

- III) Grootpad 48 Seksie 2, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R67, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van pad mag hê, beginnende vanaf die aansluiting met Grootpad 679, waar dit aansluit by Grootpad 48 Seksie 1 by die dorp Seymour, daarvandaan met die bestaande Grootpad 48 Seksie 2 in 'n algemene noordelike rigting tot by die aansluiting met Grootpad 650, waar dit aansluit by Grootpad 48 Seksie 3, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R67, by die dorp Whittlesea; en
- IV) Grootpad 48 Seksie 3, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R67, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van pad mag hê, beginnende vanaf die aansluiting met Grootpad 650, waar dit aansluit by Grootpad 48 Seksie 2, by die dorp Whittlesea, daarvandaan met die bestaande Grootpad 48 Seksie 3 in 'n algemene noordelike rigting tot by die aansluiting met Nasionale Pad R61 Seksie 4, soos verklaar deur Goewermentskennisgewing no. 546 van 2003, naby die dorp van Queenstown, waar dit eindig.

As Nasionale Pad.

**[Nasionale Pad R67 Vanaf die N2 (Grahamstad) tot die R61 (Queenstown), in die Provinsie van die Oos-Kaap, 'n afstand van ongeveer 200km]**

**G. VERKLARING VAN BESTAANDE PROVINSIALE PAAIE – I) 'N GEDEELTE VAN GROOTPAD 45 SEKSIE 1, II) GROOTPAD 45 SEKSIE 2 EN III) GROOTPAD 45 SEKSIE 3 AS DEEL VAN NASIONALE PAD R72 – DISTRIKTE VAN ALEXANDRIA, BATHURST EN PEDDIE, IN DIE PROVINSIE VAN DIE OOS-KAAP.**

Kragtens Artikel 40(1)(a) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, 1998 (Wet no.7 van 1998), verklaar ek hiermee:

- I) 'n Gedeelte van Grootpad 45 Seksie 1, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R72, soos verklaar deur Administrateurskennisgewing no's 157 van 1951 en ook alle ander Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van pad mag hê, beginnende vanaf die aansluiting met Provinsiale Distrikspad no. 1941, daarvandaan met die bestaande Grootpad 45 Seksie 1 in 'n algemene oostelike rigting tot by die aansluiting met Hoofpad no. 465, in die dorp Alexandria, waar dit aansluit by Grootpad 45 Seksie 2, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R72;
- II) Grootpad 45 Seksie 2, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R72, soos verklaar deur Administrateurskennisgewings no's 2 van 1958, 63 van 199 1en ook alle ander Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van pad mag hê, beginnende vanaf die aansluiting met Hoofpad 465, in die dorp Alexandria, daarvandaan met die bestaande Grootpad 45 Seksie 2 in 'n algemene noord oostelike rigting deur die dorp Alexandria tot by die aansluiting met Grootpad no. 4601, in die dorp Port Alfred, waar dit aansluit by Grootpad 45 Seksie 3, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R72; en
- III) Grootpad 45 Seksie 3, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R72, soos verklaar deur Administrateurskennisgewings no's 137 van 1962, 139 van 1966 en ook alle ander Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van pad mag hê, beginnende vanaf die aansluiting met Grootpad 4601, in die dorp Port Alfred, daarvandaan met die bestaande Grootpad 45 Seksie 3 in 'n algemene oostelike en noord oostelike rigting deur die dorp Port Alfred tot by die aansluiting met Hoofpad no. 523, ook bekend as Roete R345, Peddie afdraai, op die Plaas no. 107, waar dit eindig.



As Nasionale Pad.

(Nasionale Pad R72 vanaf Alexandria tot Peddle Afdraal, in die Provinsie van die Oos-Kaap, 'n afstand van ongeveer 118km)

**H. VERKLARING VAN BESTAANDE PROVINSIALE PAAIE – I) 'N GEDEELTE VAN GROOTPAD 15 SEKSIE 1, II) 'N GEDEELTE VAN GROOTPAD 63 SEKSIE 1, III) 'N GEDEELTE VAN GROOTPAD 42 SEKSIE 1, IV) GROOTPAD 42 SEKSIE 2 EN V) 'N GEDEELTE VAN GROOTPAD 42 SEKSIE 3 AS NASIONALE PAD R75 – DISTRIKTE VAN PORT ELIZABETH, UITENHAGE, JANSEVILLE EN GRAAFF-REINET, IN DIE PROVINSIE VAN DIE OOS-KAAP.**

Kragtens Artikel 40(1)(a) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, 1998 (Wet no.7 van 1998), verklaar ek hiermee:


- I) 'n Gedeelte van Grootpad 15 Seksie 1, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R75, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van pad mag hê, beginnende vanaf die aansluiting in die dorp Port Elizabeth met Nasionale Pad N2 Seksie 11, soos verklaar deur Goewermenskennisgewing no. 236 van 1972, daarvandaan met die bestaande Grootpad 15 Seksie 1 in 'n algemene noord westelike rigting tot by die aansluiting met Grootpad 63 Seksie 1, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R75, by Despatch;
- II) 'n Gedeelte van Grootpad 63 Seksie 1, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R75, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van pad mag hê, beginnende vanaf die aansluiting met Grootpad 15 Seksie 1 by Despatch, daarvandaan met die bestaande Grootpad 63 Seksie 1 in 'n algemene noord westelike rigting deur die dorp Uitenhage tot by die aansluiting met Hoofpad no. 453, waar dit aansluit by Grootpad 42 Seksie 1, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R75, noord van Uitenhage;
- III) 'n Gedeelte van Grootpad 42 Seksie 1, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R75, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van pad mag hê, beginnende vanaf die aansluiting met Hoofpad no. 453, waar dit aansluit by Grootpad 63 Seksie 1, noord van Uitenhage, daarvandaan met die bestaande Grootpad 42 Seksie 1 in 'n algemene noordelike rigting tot by die aansluiting van Grootpad no. 4302, waar dit aansluit by Grootpad 42 Seksie 2, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R75, naby Wolwefontein;
- IV) Grootpad 42 Seksie 2, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R75, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van pad mag hê, beginnende vanaf die aansluiting met Grootpad no. 4302, waar dit aansluit by Grootpad 42 Seksie 1 naby Wolwefontein, daarvandaan met die bestaande Provinsiale Grootpad 42 Seksie 2 in 'n algemene noordelike rigting tot in die dorp Jansenville tot by die aansluiting met Distrikspad no. 2355, waar dit aansluit by Grootpad 42 Seksie 3, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R75, in die dorp Jansenville; en
- V) 'n Gedeelte van Grootpad 42 Seksie 3, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R75, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van pad mag hê, beginnende vanaf die aansluiting met Distrikspad no. 2355, waar dit aansluit by Grootpad 42 Seksie 2, in die dorp Jansenville,

---

daarvandaan met die bestaande Grootpad 42 Seksie 3, in 'n algemene noordelike rigting deur die dorp Jansenville tot by die aansluiting met Grootpad 41 Seksie 1, ook bekend as 'n gedeelte van Roete R63, suid van Graaff-Reinet, waar dit eindig.

As Nasionale Pad.

[Nasionale Pad R75: Vanaf die N2 (Port Elizabeth) tot die R63 Suid van Graaff-Reinet, in die Provinsie van die Oos-Kaap, 'n afstand van ongeveer 223km]



**MINISTER VAN VERVOER**

---









Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001  
Publications: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510  
Advertisements: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504  
Subscriptions: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737  
Cape Town Branch: Tel: (021) 465-7531

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001  
Publikasies: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510  
Advertensies: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504  
Subskripsies: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737  
Kaapstad-tak: Tel: (021) 465-7531